



Ubi caritas-simposium oor barmhartigheid

'n Passie vir Jesus? Of die passie van Jesus? Tydens die 7de ADV, drie jaar gelede, het die boodskap helder en duidelik deurgekom: Jy moenie net 'n passie vir Jesus hê nie, maar jy moet die passie van Jesus deel. Dit beteken jy moet in sy voetspore volg – tot daar waar Hy besig was met die armes en siekes, die verwerptes en veragtes!

Teken in op
blitspos
Stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Om barmhartig te wees, is nie baie maklik nie. Inteendeel, dit kos jou iets. Veral twee goed: jou tyd en jou moeite. Maar die vraag is nie of dit maklik moet wees nie, want barmhartigheid is 'n opdrag van God. Nie net vir die diakens en predikante van die Kerk nie, maar vir elke gelowige!

Nuus, berigte en
kort kommentaar
(uifers 100 woorde)
aan
produksie@nhk.co.za

Ons het hulp, ondersteuning en ander gelowiges se aansporing nodig om hierdie roeping te gehoorsaam. Dit is ook die doel van die ADV, en daarom gaan die 8ste ADV weer begin met 'n simposium oor barmhartigheid. Vanaf 30 April tot 2 Mei gaan ons fokus op barmhartigheid in en deur gemeentes:

Skakels

Webblad van die
Hervormde Kerk
www.nhka.org

- Wat is die uitdagings?
- Hoe soek ons oplossings?
- By wie kan ons aanklop vir hulp?
- Aansporing, idees en gemeenskap van gelowiges!

Indien u nie weer
blitspos wil
ontvang nie,
stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Die formele deel van die 8ste ADV vind plaas op Vrydag 3 en Saterdag 4 Mei. Hier gaan ons die formele aspekte van ons diakonale strukture behandel. Die tydindeling is wel sprekend van die fokus van die vyf dae: baie meer op praktiese diakonaat as op vergaderings en strukture.

Die Kommissie van die ADV wil elke gelowige, elke diaken, elke predikant, elke ouderling, elke NHSV-lid uitnooi om die simposiumgedeelte (eerste drie dae) by te woon. Jy hoef nie deur 'n gemeente afgevaardig te wees om te kom nie, maar dit sal ook ideaal wees as gemeentes mense stuur om toegerus te word vir hul roeping tot barmhartigheid. Nog meer, jy hoef ook nie in die NHKA te wees om dit by te woon nie – die eerste drie dae is 'n oop geleentheid en oop uitnodiging aan almal wat in Christus se voetspore wil volg!

Die laaste twee dae, die formele gedeelte, is vir diakens en predikante wat deur hul ringe afgevaardig is. Daar gaan ons praat oor 'n wysiging in die strukture van die diakonaat op sinodale vlak. Die doel hiermee is om die strukture meer vaartbelyn te maak sodat die Kerk se diakonale werk nog meer effektief gedoen kan word. Ons het nodig om saam te dink oor wat die beste manier is om vorentoe te gaan met hierdie besondere werk. Maar belangrik: As afgevaardigdes net die laaste twee dae bywoon en nie die simposium nie, gaan hulle baie sin in die geleentheid verloor. Dan gaan dit wees soos om koek en tee te geniet uit 'n vingerhoed met 'n stukkie droë ongesuurde brood!

Almal wat belangstel en/of afgevaardig is, kan **hier** klik om te registreer, of die ADV-kantoor skakel by 012 322 8885 x3109 vir meer inligting.


Ds Gerhard Stoltz
Sekretaris: ADV

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 April, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 28 Maart: Di LJ (Lorret) de Leeuw (Breyten), MD (Mariët) Robbertze (Philadelphia) en JJ (Jaco) van Sittert (Randburg)
 - o Vrydag 29 Maart: Dr FJ (Frans) Boshoff (emeritus/Chrissiesmeer)
 - o Saterdag 30 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (emeritus)
 - o Maandag 1 April: Ds A (Annalize) Rossouw-Lombard (beroepafwagend)
 - o Dinsdag 2 April: Dr AB (Ananda) Geyser-Fouché (UP) en ds L (Leanie) Lemmer (née Oberholzer) (beroepafwagend)
 - o Woensdag 3 April: Ds D (David) Barnard (Magaliesmoot)
 - o Donderdag 4 April: Prop AS (Armandt) Botha (beroepafwagend) en ds GS (Stephan) Botha (Groot Marico)
 - o Vrydag 5 April: Dr T (Tanya) van Wyk (UP)

Gemeentes en bediening

- **Gemeente Bronkhorstspuit** vier op **Saterdag 6** (basaar) en **Sondag 7 April** (erediens) hul **150ste bestaansjaar**. Alle oudlidmate, vriende en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die besondere geleentheid mee te maak. Navrae kan gerig word aan mev Gerda Theunissen by 082 323 1193 / nhbhs@nhk.co.za.
- Daar is 'n **halfdagpos vir 'n Sekretariële Beampte** beskikbaar vanaf 1 Mei 2019 by **Gemeente Alberton**. Die kandidaat moet oor goeie finansiële en administratiewe kundigheid beskik en moet verder rekenaarvaardig wees, onafhanklik kan werk en eie vervoer hê. Kennis van MS Office en Q-Books sal 'n sterk aanbeveling wees. Kontak Johan Pieterse by 082 804 3016 of e-pos CV na stompie.pieterse@gmail.com voor of op **5 April 2019**.
- Die kombinasiegemeentes **Joachim Prinsloo op Northam en Ruskoppies op Dwaalboom** het 'n **werkruimte beskikbaar vir 'n voltydse predikant**. Daar is twee eredienspunte wat in Afrikaans bedien word. Die meeste lidmate is boere en werknemers op die myne. Die lidmate kom uit verskillende spiritualiteitstipes, wat so bedien moet word dat daar deurlopende samewerking en eenheid is. Die leraar sal in Thabazimbi en/of die Dwaalboom-area woon. Die ampswerk sluit in uitvoering van die gemeentes se bedieningsplan en geestelike bediening van lidmate deur prediking, pastoraat, Bybelstudie, toerusting, barmhartigheidsdiens, ensovoorts. Verder behels dit kommunikasie, medetoesig en gedeelde leiding met die gemeente se finansies en projekte. Ruim versorging – binne die gemeentes se vermoëns – word onderneem. Aansoeke moet gerig word aan die skriba, mnr Poena Siemens, by jenny1@gmail.com. Kontak hom by 060 976 6176. Die kombinasiekerkraad behou die reg voor om ook 'n predikant buite die lys van belangstellende persone te beroep of te benoem. Aansoeke moet asseblief vergesel word van 'n kort CV en moontlike verwysings vir navrae deur die kerkraad. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 29 Maart 2019**.
- **Gemeente Derdepoort in Pretoria** het 'n **werkruimte vir deeltydse bediening** beskikbaar **vanaf 1 Junie 2019**. Vergoeding sal met die suksesvolle aansoeker onderhandel word. Behuising word nie voorsien nie. Die lidmaattal is tans 249 (202 belydend) en die gemeente is hoofsaaklik in 'n stadsgebied geleë. Die ampswerk en verpligtinge sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoeke met volledige CV's kan deur belangstellende gelegitimeerde predikante en proponente van die NHKA gestuur word aan oudl SG Booysen by sarelbooysen@gmail.com. Die kerkraad behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg, asook om die vakante werkruimte te vul wanneer dit vir die gemeente geleë is. Belangstellende aansoekers is intussen welkom om **preekbeurte** in die gemeente te behartig. Skakel 012 325 1857 of 061 604 1211, Nikki van Deventer. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 April 2019**.



Joachim Prinsloo



Ruskoppies



Derdepoort

- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)** moet asseblief kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by njssteenekamp@gmail.com of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.
- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617.
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of nhkDullstroom@gmail.com om die Sondag te bevestig.

Vergaderings

- Donderdag 28 Maart: Rata Bestuur

'n Gedig

4.11 (soos van vlerke)

Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif
 want niemand sal 'n boodskap wat rooi is skiet nie.
 Ek gooi my rooiborsduif hoog in die lug
 en ek weet al die jagters sal dink dis die son.
 Kyk, my duif kom op en my duif gaan onder
 en waar hy vlieg daar skitter oseane
 en bome word groen
 en hy kleur my boodskap so bruin oor jou vel

Want my liefde reis met jou mee,
 my liefde moet soos 'n engel by jou bly,
 soos vlerke, wit soos 'n engel.
 Jy moet van my liefde bly weet
 soos van vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie

Breyten Breytenbach
 (Uit: *Lotus*, 1970)

Toerusting

- **Stasies van die Kruis: Word stil op die Lydenspad**
7-19 April: Elke aand 18:00-20:00
 Kom, word stil en ervaar die stadiums van die Lydenstydperk
 Soos vertel deur Johannes
 Uitgebeeld met kuns en musiek
 Gemeente Montana
 Jan Bantjiesstraat 350, Montana
 Navrae: 012 567 1753
www.nhkmontana.co.za
 Facebook: @nhkmontana

Barmhartigheid

- **NHKA Diakonaat se *Ubi caritas*-simposium 2019**
Dinsdag 30 April – Donderdag 2 Mei
 Christelike barmhartigheid in die Suid-Afrikaanse konteks
 By Gemeente Wonderboom
 Navrae: Sonet Esterhuizen 012 322 8885 x3109
sonet@plesion.org.za

- **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziastraat, Brooklyn**. Johannes Postmus het tans 'n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria**, is 'n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- Daar is tans plek vir bejaardes beskikbaar in **Piet Potgieter te Potgietersrus (Mokopane)**. Die **tweeslaapkamer-woonregeenheid** is geleë in hierdie rustige omgewing, en verskeie dienste word op die perseel aangebied. Die eenheid is te koop teen R592 120 (aanvanklike deposito van R10 000 en R582 120). Kontak mev Mariana van Tonder by 015 491 6314.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
 2-slaapkamer @ R560 000
 1½-slaapkamer @ R520 000
 1-slaapkamer @ R515 000
 Groot tuine om in te ontspan
 Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
 Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
 012 329 4318 / 084 920 8723



Allegaartjie

Volgens 'n berig op Maroela Media (26 Maart 2019) was passasiers op 'n British Airways-vlug van Londen na Düsseldorf baie verbaas toe hulle Maandag *Welkom in Edinburg* hoor. Die vlieënier het honderde kilometer in die verkeerde rigting gevlieg, en hulle het in Skotland se hoofstad geëindig! Die vliegtuig het opnuut brandstof ingetap en weer vertrek, en twee en 'n half uur laat in Düsseldorf, Duitsland, geland. Klaarblyklik het die vlieënier en die bemanning die verkeerde vlugplan gehad.

Kerklike publikasies

- **Lees in Die Hervormer van April 2019**
 - o Die blydskap van Paasfees
 - o Hoe lyk die ware kerk?
 - o Hou die dood daagliks voor oë
 Lees *Die Hervormer* volledig by www.hervormer.co.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Waterval Boven: Karp-hengelkompetisie Saterdag 6 April**
 By Milly's se dam, naby Machadodorp
 Inskrywings R250
 Wen R5 000 met die swaarste vis vir die dag
 Navrae: Anita Booyse by anitabooyse@gmail.com



- **Noordwestelike Pretoria: Warmhartigheidsgolfdag**
Woensdag 10 April by Swartkop-golfbaan
Early Bird Special voor 1 April:
 R1 760 per 4-bal of R440 per speler
 Normale prys R1 960 per 4-bal of R490 per speler
 Navrae en inskrywings Johanna 082 928 5592
 Stephen 074 658 4630
 James 083 679 6633

Basaars en markte

- **Gemeente Warmbad: Bosveldfees**
Vrydag 29 tot Sondag 31 Maart
 Feesterrein van Forever Resort
 Uitstekende kunstenaars met die vermaaklike Piet Pompies (Vrydagaand)
 Bok van Blerk, Kevin Leo en ander (Saterdag)
 Hondeskou, dansgroepe, K9-hondevertoning
 Stalletjies en baie lekkernye
 Navrae aan Maureen Minny by 083 310 0089
- **Gemeente Suidoos-Witbank: Geskenkemark**
Woensdag 24 April tot Saterdag 4 Mei
 Weekdae 09:00- 19:00; Saterdag 27 April 09:00-15:00
 Gesluit Sondag 28 April; Saterdag 4 Mei 09:00-14:00
 hv Hans Strydom- en Theunis Jansonstraat, Witbank
 Facebook: *Geskenkemark*
 Navrae aan Annelien Hartman by 082 512 9849

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (*Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.*) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

U alleen, o God, is onbeskryflik groot,
U wat alles geskep het wat beskryf kan word.
U alleen is onkenbaar,
U wat alles geskep het wat geken kan word.
Alles, alles roep uit na U:
Dié wat kan praat,
en dié wat dit sonder taal doen.
Alles, alles bring eer aan U:
Dié wat kan dink,
en dié wat U intuïtief vereer.
Uit alles wat bestaan,
gaan daar een kreet, een smagting, een verlange op:
na U, na U alleen...
In U vind u hele skepping rus,
na U soek alles wat bestaan,
na U wat die begin en die einde van alles is.

Die Heilige Gregorius van Nazianzus

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

